



Confederation of Hunters Associations of SA

Tel: +27 41 922 5600 Box: 1614 Uitenhage 6230
 Cell: +27 82 523 8201 Fax: 0866 145 354 chasa@telkomsa.net www.chasa.co.za
 SAPS Accreditation Number 1300018

GEDRAGSKODE VAN LIDVERENIGINGS VAN CHASA

Elke lidvereniging onderneem onvoorwaardelik:

om alle Jag- of Natuurbewaringswette, ordonansies, -konvensies en -gebruike te eerbiedig en om ten alle tye slegs etiese jagpraktyke onder hul lede te bevorder en die natuur en natuurlewe aktief te bewaar;

om lede voortdurend aan te moedig om vuurwapens met veiligheid, vaardigheid, goeie oordeel en

met eerbied vir die lewe aan te wend, vuurwapens en ammunisie verantwoordelik te gebruik en voortdurend kennis hieroor op te bou;

- om ander CHASA lidverenigings en hul individuele lede, jagters en die belange van jagplaas eienaars te respekteer en om hulle aan te moedig om deur hul gedrag deurlopend die beeld van die etiese jagter te bevorder;
- om die beleid vir verskeie aangeleenthede in plek gestel deur CHASA te ondersteun en te bevorder;
- om die eiendom van alle gemeenskappe asook hul bydraes en behoeftes met betrekking tot volhoubare benutting van natuurlike bronne te erken en te respekteer;
- om andere op te lei en in te lig, veral die jeug en vooraf benadeelde gemeenskappe, oor die voordele van volhoubare benutting van natuurlike bronne, bewaring, korrekte wettige en etiese jag, verantwoordelike gebruik en besit van vuurwapens en ammunisie asook die belangrikheid van die voortdurende opbou van kennis met betrekking tot hierdie areas;
- om 'n gedragskode in plek te hê, waarvolgens lede onderneem om hulself deurlopend op sodanige wyse te gedra dat:
- 'n botsing van persoonlike belange met dié van CHASA, hul vereniging of 'n ander lidvereniging voorkom sal word; en

Version 1: 05 Oktober 2015



Freedom to Hunt / Vryheid om te Jag

- hul pligte en verantwoordelikhede teenoor hul lidvereniging en CHASA ten alle tye met eerlikheid, verantwoordelikheid en na hul beste vermoë nagekom word; en
- hulle hulself nie sal skuldig maak aan gedrag wat tot oneer van jag, natuurbewaring of die beeld van hul jagvereniging of CHASA sal strek nie; en
- goeie verhoudinge binne hul jagvereniging asook met CHASA bevorder word.

Die vereniging onderneem om 'n verhouding van die hoogste goeie trou teenoor sy lede en CHASA te handhaaf, veral ten opsigte van die deurlopende openbaarmaking van inligting wat relevant mag wees ten opsigte van die verkryging of behoud van 'n bevoegdheidsertifikaat vir die besit van lede se vuurwapens.

DISSIPLINÊRE KODE

1. AANHEF

Aangesien dit noodsaaklik is om te verseker dat alle lede van CHASA en sy lidverenigings die etiese gedragskode wat op jagters van toepassing is, nakom ten einde 'n hoë standaard van etiek te verseker; en

Aangesien dit noodsaaklik is dat die verhoudinge tussen CHASA en sy lidverenigings en die lidverenigings onderling nie deur wangedrag deur 'n lid of 'n vereniging onder spanning gebring word nie; en

Aangesien Geakkrediteerde Jagtersverenigings lede as Toegewyde Jagters kan verklaar en die vuurwapen registrasie owerheid sekere wapens op grond van sulke verklarings lisensieer en aanvaar dat die lid se status onveranderd bly tensy dit anders meegedeel word; en

Aangesien Geakkrediteerde jagtersverenigings regtens verplig is om dissiplinerêre stappe teen lede te neem wat hulself aan wangedrag skuldig maak; en

Aangesien Geakkrediteerde jagtersverenigings se status as sulks (en gevolglik ook alle lede van die vereniging) se regte in gedrang sal kom indien hul nie die statutêre voorskrifte nakom nie.

8

IS DIT NOODSAAKLIK DAT DIE VOLGENDE DISSIPLINÊRE REËLS SAL GELD:

2. OUTONOMITEIT VAN LIDVERENIGINGS TEN OPSIGTE VAN HUL LEDE

Elke lidvereniging het die reg en verantwoordelikheid om dissiplinêre stappe te neem weens oortredings van die gedragskode of weens wangedrag gepleeg deur daardie vereniging se lede;

Version 1: 05 Oktober 2015



Freedom to Hunt / Vryheid om te Jag

Elke lidvereniging sal sy eie gedrags- en dissiplinêre kode instel welke kode nie in stryd mag wees met die bepalings hierin vervat nie.

3. WANGEDRAG

Enige oortreding van die gedragskode deur 'n lid, of 'n lidvereniging, sal as wangedrag beskou word.

4. GESKILBESLEGTIGINGSPROSEDURE

Dit is CHASA se verantwoordelikheid om moontlike geskille tussen lidverenigings of 'n lid en sy lidvereniging by te lê en kan sodanige stappe neem as wat die Dagbestuur/Raad nodig ag.

Enige lid of lidvereniging wat gegrief is oor die optrede van 'n lid of 'n lidvereniging, kan sodanige grief skriftelik, met volle vermelding van die gronde daarvan, aan die Sekretaris van CHASA voorlê.

5. INDIENING VAN DISSIPLINÊRE KLAGTE TEEN LID

Enige klagte ten opsigte van wangedrag moet skriftelik by die Bestuur van die Lidvereniging, waarvan die besondere lid 'n lid is, ingedien word;

Die lidvereniging moet die bewerings onverwyld ondersoek en indien daar prima facie bewys is dat 'n lid hom/haarself aan wangedrag skuldig gemaak het, moet die lidvereniging so spoedig moontlik dissiplinêre stappe teen sodanige lid instel.

6. BESONDERHEDE IN KENNISGEWING

'n Skriftelike kennisgewing moet aan die aangeklaagde lid verskaf word waarin:

Volledige besonderhede van die beweerde wangedrag uiteengesit word;

Die datum, tyd en plek wanneer die lid moet verskyn om op die bewerings te antwoord;

Dat die aangeklaagde lid geregtig is op regsbystand of op verteenwoordiging deur 'n ander lid van die betrokke vereniging.

Dat die aangeklaagde tydens die verhoor al sy getuies beskikbaar moet hê;

Vermeld word dat die Sentrale Vuurwapen Register in kennis gestel sal word van die dissiplinêre stappe en dat dit 'n effek op die lid se status as Toegewyde Jagter mag hê.

7. PROSEDURE TYDENS DISSIPLINÊRE VERHOOR

Elke lidvereniging bepaal self die samestelling van sy dissiplinêre komitee asook die prosedure wat tydens sodanige verhoor toegepas sal word, maar dit sal:

In Camera plaasvind;

Prosedureel billik wees; en

Die beginsels van natuurlike geregtigheid nakom;

Aan die aangeklaagde behoorlik geleentheid bied om sy kant van die saak te stel.

Version 1: 05 Oktober 2015



8. BEWYSLAS

Die bewyslas sal op die vereniging rus om die aangeklaagde se skuld op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys;

Indien die aanklag teen die aangeklaagde 'n kriminele oortreding van die jagwette, natuurwette of 'n onbevoegverklaring ingevolge art 102, of 'n skuldigbevinding aan 'n misdryf soos in art 103 (1) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens ten grondslag het, sal die blote voorlegging van sodanige geregshof of amptelike stukke, prima facie bewys wees van die feite daarin vervat en sal die bewyslas op die aangeklaagde wees om te bewys dat hy /sy nie onbevoeg verklaar is om 'n vuurwapen te besit nie.

9. MOONTLIKE SANKSIES NA SKULDIGBEVINDING

Indien 'n lid of 'n lidvereniging deur 'n dissiplinêre komitee skuldig bevind word aan wangedrag, kan sodanige lid of vereniging;

- Berispe word;
- Verdere lidmaatskap aan 'n proef tydperk onderhewig gemaak word;
- Geskors word vir 'n tydperk wat die komitee goedvind;
- Permanent geskors word;
- Enige ander toekenning of bevel maak of voorwaarde(s) of beperkings aan die lid of lidvereniging oplê.

10. LIDVERENIGING SE VERPLIGTINGE TEENOOR CHASA TYDENS 'N DISSIPLINÊRE ONDERSOEK

Sodra 'n kennisgewing van wangedrag ondersoek op 'n lid beteken word, sal 'n afskrif daarvan aan die sekretaris van CHASA gestuur word.

Die lidvereniging sal onverwyld na die afhandeling van die dissiplinêre ondersoek (selfs indien die lid vrygespreek word) volledig skriftelik aan die Sekretaris van CHASA verslag doen oor:

Die volle name van die aangeklaagde;

Die identiteitsnommer en lidmaatskapnommer van die aangeklaagde;

Besonderhede van die bevinding;

Besonderhede van die sanksie;

Of die lid Toegewyde Jagterstatus geniet en indien wel, besonderhede van die sertifikaat aan hom uitgereik.

11. BEVOEGDHEDE VAN CHASA EN LIDVERENIGINGS

CHASA en sy lidvereniging, waarvan die aangeklaagde 'n lid is, is geregtig om die besonderhede van die dissiplinêre verhoor aan die Vuurwapenregistrasie owerheid te

Version 1: 05 Oktober 2015



Freedom to Hunt / Vryheid om te Jag

rapporteer asook aan enige ander instansie of vereniging wat 'n belang by die uitspraak mag hê.

12. APPELBEVOEGDHEDE VAN CHASA

Enige lid wat aan wangedrag skuldig bevind word, is geregtig om binne 14 dae na skuldigbevinding, na CHASA se Dissiplinêre beampte te appelleer ten opsigte van die skuldigbevinding of sanksie, welke persoon dan verantwoordelik sal wees vir die samestelling van 'n Appelraad vir die spoedige aanhoor van die appel. Die appellant sal in die kennisgewing van appel volledige gronde aanvoer waarop sy appel berus.

CHASA se Appelraad sal sy eie prosedure vir die aanhoor van die Appel bepaal;

Die Appelraad sal ook geregtig wees om die verdere getuienis, wat hy meen noodsaaklik mag wees ten einde tot 'n regverdigde beregting van die saak te kom, aan te hoor.

13. VERHOOR DEUR CHASA IN EERSTE INSTANSIE

Indien 'n aangeklaagde, voor sy dissiplinêre verhoor deur sy lidvereniging skriftelik versoek dat die dissiplinêre verhoor deur CHASA gehou moet word, sal CHASA sodanige dissiplinêre komitee saamstel en die saak verhoor. Indien die lid skuldig bevind word, sal hy geen reg op verdere appel hê nie.

Indien CHASA op enige stadium meen dat die wangedrag so ernstig is, of die saak sodanige publieke aandag geniet, (of vir welke ander rede ookal) dat dit onverwyld 'n dissiplinêre ondersoek of verhoor noodsaak, is CHASA geregtig om onverwyld 'n dissiplinêre komitee saam te stel ten einde die aangeleentheid te ondersoek of te verhoor, in welke geval die lidvereniging se verhoor oor die aangeleentheid dadelik gestaak sal word.

14. VERSUIM OM VIR VERHOOR OP TE DAAG OF TE ANTWOORD OP BEWERINGS.

Indien 'n lid versuim om, (sonder geldige verskoning) by 'n dissiplinêre verhoor op te daag, of indien daartoe uitgenooi om skriftelik op die bewerings te antwoord, versuim om dit te doen, sal dit geag word dat daardie lid die bewerings teen hom erken en kan die verhoor in die lid se afwesigheid afgehandel word.

IN DIE LIG VAN DIE VERREIKENDE GEVOLGE WAT DIT INHOU INDIEN 'N LID SE TOEGEWYDE JAGTERSTATUS BEËINDIG WORD, IS DIT NOODSAAKLIK DAT SEKERE REËLINGS DUIDELIK MET LEDE OOREENGEKOM MOET WORD.

Die verantwoordelikheid om sy posadres te verander, moet uitdruklik op die lid geplaas word;

- Dit is die lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat sy ledegelde op datum betaal is (ongegag of hy 'n rekening ontvang het al dan nie);

Version 1: 05 Oktober 2015



Freedom to Hunt / Vryheid om te Jag

- Die vereniging se jaareinde behoort 'n paar maande voor die einde van 'n kalender jaar te sluit ten einde die Vereniging nog geleentheid te bied om 'n finale poging aan te wend om 'n toegewyde lid, wat agterstallig is met sy ledegelde se betaling te ontvang.
- 'n Vereniging behoort aan 'n toegewyde lid 'n skriftelike kennisgewing te stuur waarin hy kennisgegee word dat die betaling van sy ledegelde agterstallig is en dat indien hy versuim om dit voor 'n bepaalde datum op te betaal, sy naam van die lys van Toegewyde Jagters verwyder sal word, dat dit so aan die Sentrale Vuurwapenregister gerapporteer sal word en dat die lisensies van sy vuurwapens daardeur in gedrang sal kom.
- Lede moet ook die verpligting dra om sy lidvereniging in te lig indien hy/sy toegewyde jagterstatus hou deur 'n ander geakkrediteerde jagvereniging. Indien dit nie skriftelik gerapporteer is aan sy lidvereniging nie, kan daardie vereniging aanvaar dat hy die oor dubbele toegewyde status beskik nie.
- Die verantwoordelikheid rus op die lid om enige feit, of verandering in omstandighede wat sy toekenning van 'n bevoegdheidsertifikaat, of behoud daarvan mag beïnvloed, aan sy jagtersvereniging te openbaar.
- Die lid moet ook toestem dat die jagvereniging se dissiplinêre amptenaar, as deel van 'n dissiplinêre ondersoek, navrae kan doen ten einde te bepaal of sodanige lid steeds kwalifiseer vir 'n bevoegdheidsertifikaat.

REGULASIE 4 (2) (b) bepaal soos volg:

“n Geakkrediteerde organisasie of vereniging wat bedoel word in art 16(2) van die Wet moet bo en behalwe regulasie 2 (12 (a) en (b) jaarliks voor die organisasie of vereniging se amptelike jaareinde, na gelang van die geval, 'n skriftelike verslag indien by die Registrateur, welke verslag besonderhede moet bevat van – alle toegewyde lede wie se geregistreerde toegewyde lidmaatskap van sodanige geakkrediteerde organisasie of vereniging beëindig is; en die redes vir die beëindiging van sodanige toegewyde lidmaatskap.”

Version 1: 05 Oktober 2015



Freedom to Hunt / Vryheid om te Jag